# Dis heerlike Lente!!



*Foto bo: Maatjie Kwakernaak met haar magdom plante en kennis, saam met Joan Ferreira en Anita Martins wat die gasvroue van die vergadering was.*

Met September wat amptelik die lente aankondig, het die VLU dames van Volksrust se groenvingers behoorlik begin jeuk. Hul hande staan soos gewoonlik vir niks verkeerd nie en hul skrik ook nie vir enige tuin uitdaging nie. Selfsonder water óf met die baie reën wat ons gekry het, maak hul 'n plan. Na 'n konstruktiewe vergadering het Anita Martins 'n praatjie gehou oor die Olyfboom. Al die verskilllende produkte wat daarvan gemaak kan word, is bespreek. Wenke oor die kwaliteit van olyfolie en waarna om te kyk, is ook uitgedeel.

Daarna het sy ons van verskillende vetplante, wat met byna geen water kan klaarkom, vertel. Daar is so 'n groot verskeidenheid en so maklik om te vestig. Elke dame het 'n verskeidenheid saam gebring en daar is heerlik onder mekaar raad en plante uitgeruil.

Joan Ferreira wat ook oor 'n wye kennis beskik het ons van die VLU se boom van die jaar vertel. Sy het die Waterbessie bespreek en alhoewel dit nie regtig vir ons area geskik is nie, sal ons in die toekoms weet wat sy goeie eienskappe is, wanneer ons hom in die droër dele teëkom.

Na die vergadering is 'n nuwe lid, Liza Stokes, heerlik verwelkom met 'n lekker ete. Die koue hoendergereg en slaai met broodjies het gewemel van al die olyfprodukte, waarna daar heerlike olyftee gedrink was. As jy jou algemene kennis wil uitbrei, is enige dame welkom om die vergaderings by te woon. Die volgende vergadering sal op12 Oktober plaasvind.



*Foto bo: 'n Voorbeeld van 'n tafelrangskikking van vetplante wanneer die blomme en water skaars is.*

## Brief aan die Recorder

Wat 'n nuwe euwel het ons getref? 'n Skrootwerf in die dorp! Kruiwaens vol skroot materiaal word daagliks hier ingestoot.
Helder oordag terwyl ek in my kantoor sit en werk, klim die mense oor die muur en begin staal bymekaar maak om te gaan verkoop. Nie eers nadat ek hom aangesê het om dit neer te sit het hy hom aan my gesteur nie, net gesê hy is honger en het geld nodig.
'n Mens kan nie uitgaan nie, want jy is alleen in die kantoor, dus dra hul alles wat hul, hul hande kan oplê weg om te gaan verkoop.
Wat 'n euwel reg in die middel van die dorp langs een van die groot banke.
Ek is bevrees as ek een oggend by die werk kom, is die geute van die gebou ook afgehaal om te verkoop - dit is hul reg want hulle is honger.
Met die drankwinkel reg oor die straat is dit nogal 'n gerieflike kombinasie.
A, nee, a, dit werk mos nie so nie!
***Ontevrede bewoner***


**TO RENT**
T.L.B. + Operator
6 m$^3$ Tipper trucks
2.5 ton Forklift
Removing of building rubble and cleaning of stands/premises.
**Contact :**
**083 556 5597**
**or 017 735 5110**

Advertise Today

***BENODIG U 'N MOTOR OF BAKKIE?***
***PERSOONLIKE LENINGS OOK BESKIKBAAR!!!***
Ek sal u gerus help. Almal is geregtig op 'n gelyke kans om 'n voertuig te besit.
Langer termyn afbetaling en huishoudelike inkomste word saamgevoeg. Geen deposito of aanvangspaaiement kan help om u transaksie goedgekeur te kry.
Gehaltediens-tevredenheid gewaarborg!
Voertuig kan in u dorp afgelewer word.
Persoonlike lenings ook beskikbaar.
**Skakel dadelik Hanlie 082-356-4343**
**Faks: 016-422-5532**
*r/rpt*

Keep Volksrust clean



**Is dit nuuswaardig?**
Vertel ons daarvan!
Skakel
017 735 1532



**VISAGIE & SEUNS**
*r/tc*
**Tel: (017) 735 2834 k/u, Faks: (017) 735 1902**
**Hendrik:(017) 735 5570 n/u, Sel: 082 558 4901**
**Roelf: 017 735 5896 k/u of 082 566 2515 n/u.**
***Meer as 60 jaar Sand-ondervinding!***

<u>Ons verhuur:</u>
- Wipbak
- Vragmotors
- Voorlaaigrawe

<u>Ons verskaf:</u>
- Pleistersand
- Klinkerstene
- Bousand
- Pleisterstene
- Crusher Sand
- Betonklip

Bo-grond / Topsoil !
**Steeds die beste pryse in Volksrust!**
GRATIS AFLEWERINGS !
Volksrust & Charlestown

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIEPROSES**

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE HUIDIGE ASVERWYDERINGSFASILITEITE BY DIE MAJUBA KRAGSTASIE, MPUMALANGA PROVINSIE**

**DEA Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/3/53**
**NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0001417/2012**

Kennis geskied hiermee ingevolge die Omgewingsimpakstudieregulasies (OIS-regulasies) wat gepubliseer is in Staatskennisgewing R543 van 2 Augustus 2010 kragtens Artikel 24 (5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA) en Staatskennisgewing 718 van 3 Julie 2009 kragtens Artikel 19 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval Wet (Wet 59 van 2008) (NEMWA); dat Eskom Holdings SOC Limited die uitbreiding van die huidige asverwyderingsfasiliteite by die Tutuka Kragstasie in die Mpumalanga provinsie voorstel.
Die voorgestelde projek behels 'n aantal Gelyste Aktiwiteite ingevolge die NEMA OIS-regulasies van 2010 en NEMWA wat magtiging verlang. Die Gelyste aktiwiteitnommers wat met die voorgestelde uitbreiding van die Asverwyderingsfasiliteite by Eskom se Majuba Kragstasie, Amersfoort, gepaardgaan word in die tabel hieronder weergegee. Indien u 'n volledige afskrif van hierdie gelyste aktiwiteite verlang, kontak asseblief die Openbare Deelnamekonsultante.

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NEMA** | No. R. 544 | 9 | 11 | 18 | 22 | 24 | 28 | 37 | 39 | 40 | 47 | 49 |
| | No. R. 545 | 6 | 15 | 26 | | | | | | | | |
| | No. R. 546 | 4 | 16 | 19 | 24 | | | | | | | |
| **NEMWA** | Staatskennisgewing 718 - Kategorie A | 19 | | | | | | | | | | |
| | Staatskennisgewing 718 - Kategorie B | 9 | 11 | | | | | | | | | |

Weens die feit dat die projek-aktiwiteite uit beide NEMA en NEMWA behels, is 'n geïntegreerde aansoek by die Nasionale Departement van Omgewingsake ingedien.

**KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPSTUDIE- EN OPENBARE DEELNAMEPROSES**

Lidwala Raadgewende Ingenieurs (SA) (Edms.) Bpk. is as die onafhanklike Omgewingsevalueringspraktisyn aangestel om die nodige OIS, Afval-Lisensieproses, asook die gepaardgaande openbare deelnameproses te onderneem.
'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) is opgestel om inligting te verskaf oor die voorgestelde projek en die OIS-proses wat onderneem word. Persone wat graag as Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party wil registreer, 'n afskrif van die AID wil ontvang of kommentaar wil indien oor die voorgestelde projek, moet dit doen deur die kontakbesonderhede hieronder te gebruik:
**Nicolene Venter** of **Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Edms) Bpk**
Posbus 32497, Waverley, 0135
Tel: (0861) 543 9252
Faks: 086 764 9282
E-pos: majubaeia@lidwala.com

Lidwala
SPECIALIST ENGINEERS